SimpleStudy®

# PROVINSIALE EKSAMEN

# NOVEMBER 2022

# GRAAD 10

# NASIENRIGLYNE

**EKONOMIE (VRAESTEL 1)**

**19 bladsye**

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1**

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1 C Winste ✓✓

1.1.2 C skaarsheid aan hulpbronne. ✓✓

1.1.3 D lekkasies < inspuitings. ✓✓

1.1.4 A leidende ✓✓

1.1.5 D selfonderhouding ✓✓

1.1.6 A gildes. ✓✓

1.1.7 B geskoolde ✓✓

1.1.8 C die jeug. ✓✓

(8 x 2) (16)

1.2 **PASITEMS**

1.2.1 F Die studie van hoe om skaars hulpbronne te kies en te gebruik ✓

1.2.2 D Die proses waardeur die entrepreneur arbeid en kapitaal in ŉ produk kombineer ✓

1.2.3 A Die totale waarde van finale goedere en dienste geproduseer binne die geografiese grense van ŉ land ✓

1.2.4 B Die herhalende en wisselende vlakke van ekonomiese aktiwiteit ✓

1.2.5 G Mense reis van gebied tot gebied eerder as om op een plek te woon ✓

1.2.6 H ŉ Breë reeks sakegebruike en -praktyke ✓

1.2.7 E Voorsien ŉ aanduiding van die gebrek aan werksgeleenthede ✓

1.2.8 C Werkers met tydelike verlof of wat afwesig is ✓ (8 x 1) (8)

1.3 **GEE DIE TERM**

1.3.1 Ontwikkelingsekonomie ✓

1.3.2 Billikheid/Regverdigheid ✓

1.3.3 Ekonomiese kringloop model ✓

1.3.4 Maatskappy ✓

1.3.5 Globalisering/Internasionale handel ✓

1.3.6 Immigrant/Vlugtelinge ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B**

Beantwoord TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Noem TWEE elemente van Ekonomie.**

- Produksie ✓, Verspreiding ✓ of Verbruik ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 1) (2)

2.1.2 **Waarom gebruik ekonome ekonomiese modelle?**

Ekonomiese modelle word gebruik om te verstaan hoe die ekonomie werk en om voorspellings te maak. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

2.2 **DATA RESPONS**

2.2.1 **Noem EEN faktor om in ag te neem wanneer ʼn beroep gekies word.**

- Finansiële implikasies ✓
- Risiko's ✓
- Belange en vaardighede ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1 x 1) (1)

2.2.2 **Identifiseer ʼn loopbaan wat met Ekonomie verband hou.**

- Kommersiële prokureur ✓
- Statistikus ✓
- Besigheidsontleder ✓
- Belegger ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *mikro-ekonomie.***

Mikro-ekonomie is die studie van die gedrag en besluite van individue wat aan die ekonomie deelneem om beperkte hulpbronne toe te wys. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

2.2.4 **Hoe hou Ekonomie verband met Rekenaarwetenskap?**

- Rekenaars word in die veld van Ekonomie gebruik. Ekonome moet tred hou met die nuutste neigings en inligting. ✓✓
- Die gebruik van inligtingstegnologie help ekonome om te verstaan hoe die ekonomie funksioneer.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

2.2.5 **Hoe kan 'n ekonoom wetenskaplike metodes gebruik om gereelde ekonomiese patrone te herken?**

- Ekonomie is 'n wetenskap wat wetenskaplike metodes gebruik om patrone te herken. ✓✓
- Ekonome gebruik hierdie patrone om te verduidelik wat in die verlede gebeur het, om te voorspel wat in die toekoms gaan gebeur. ✓✓
- Ekonome sal byvoorbeeld die prys van brood oor die afgelope tien jaar bestudeer en om toekomstige prysstygings te voorspel. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (4)

2.3 **DATA RESPONS**

2.3.1 **Identifiseer 'n ekonomiese konsep uit die inligting hierbo.**

- Die basiese ekonomiese probleem van skaarsheid ✓
- Onbeperkte menslike behoeftes ✓
- Onbeperkte hulpbronne en tyd ✓
- Onbeperkte behoeftes ✓
- Onbeperkte produksiefaktore ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante reaksie.) (1 x 1) (1)

2.3.2 **Gee EEN voorbeeld van kapitaalgoedere.**

- Geboue ✓
- Masjinerie ✓
- Voertuie ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *geleentheidskoste*.**

Dit is die koste van die naasbeste alternatief van 'n produk of diens. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

2.3.4 **Waarom is hulpbronne skaars?**

Hulpbronne is skaars omdat daar onbeperkte behoeftes en begeertes en beperkte hulpbronne is. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

2.3.5 **Hoe behoort produsente hul hulpbronne toe te wys om te verseker dat die maksimum hoeveelheid van verbruikers se behoeftes en begeertes bevredig word?**

- Produsente moet verseker dat hulle die maksimum hoeveelheid goedere en dienste produseer (produksiedoeltreffendheid), deur doeltreffende produksietegnieke te gebruik. ✓✓
- Firmas moet ook ŉ optimale verspreiding van goedere en dienste produseer, met inagneming van verbruikers se voorkeure (toewysings doeltreffendheid). ✓✓
- Marknavorsing help produsente om die voorkeur van verbruikers vir die verskillende goedere en dienste te bepaal. ✓✓
- Die prysmeganisme, deur middel van surplusse en tekorte, sal produsente in staat stel om die hoeveelhede te bepaal wat verbruikers verkies. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

2.4 **Onderskei tussen *absolute skaarste* en *relatiewe skaarsheid*.**

| **Absolute skaarste** | **Relatiewe skaarsheid** |
|---|---|
| • Absoluut beteken dat daar niks oor is van waarna jy ook al sou soek nie. ✓✓<br>• Absolute skaarste is die onvermoë van die natuur om die nodige hulpbronne te voorsien om ons daaglikse behoeftes te bevredig. ✓✓<br>• Bv., ŉ droogte kan die aanbod van landbouprodukte beperk. ✓ | • Relatief is nie absoluut nie, maar dit is minimaal soos geïnterpreteer in die vergelyking met iets anders. ✓✓<br>• Relatiewe skaarsheid vind plaas wanneer goedere en dienste beskikbaar is, maar jy het nie die hulpbronne om dit te bekom nie. ✓✓<br>• Bv., jy wil Levi's jeans koop, maar jy het nie genoeg geld om dit te koop nie. ✓ |

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (4 x 2) (8)

2.5 **Hoe effektief is die regeringsbeleide in die beskerming van die omgewing?**

- In Suid-Afrika word die natuurlike omgewing deur die Grondwet beskerm. Die Departement van Omgewing, Bosbou en Visserye (DEFF) het ŉ mandaat om uitvoering te gee aan die reg van burgers op ŉ omgewing wat nie skadelik is vir hul gesondheid of welstand nie, en om die omgewing te beskerm tot voordeel van huidige en toekomstige geslagte. ✓✓
- Sedert apartheid geëindig het, het Suid-Afrika ŉ wetlike en regulatoriese omgewingsraamwerk ontwikkel wat in sommige gebiede meer gevorderd is as in ander lande. Die Groen Stimulus-herstelprogram wat deel vorm van die herstelprogram na die koronavirussiekte (COVID-19), het ten doel om natuurlike hulpbronne te beskerm terwyl dit bydra tot billike ekonomiese groei, werk verskaf aan gemarginaliseerde gemeenskappe en groeiende ekonomiese sektore. ✓✓

- Verbruikers en produsente word belas vir afval wat hulle produseer en in die omgewing stort. ✓✓
- Suid-Afrika bevorder herwinning, hergebruik en verminder veldtogte in alle gemeenskappe. Plastiek inkopiesakke word byvoorbeeld ontmoedig. ✓✓
- Groen belasting word gehef op die produksie van produkte wat nie bioafbreekbaar is nie, byvoorbeeld bande. ✓✓
- Suid-Afrika het gevorderde omgewingsbeleide, maar het nie die kapasiteit of politieke wil om dit te implementeer nie. ✓✓
- Voorbeelde van die regering se versuim om sy omgewingsbeleid te implementeer kan gesien word deur die hoë vlakke van lugbesoedeling en die besoedelde toestand van ons damme en riviere. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (8)

**[40]**

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 **Noem enige TWEE van die G7-lande.**

VSA ✓, Japan ✓, Duitsland ✓, Frankryk ✓, VK ✓, Italië ✓ en Kanada ✓

(2 x 1) (2)

3.1.2 **Watter rol het die ontwikkeling van dorpe en stede in die vroeë ekonomiese ontwikkeling gespeel?**

- Kommersiële boerdery het gelei tot ʼn toename in die produksie van koring, mielies en vleis. ✓✓
- Die ontwikkeling van dorpe het markte geskep vir vervaardigde produkte soos klere, landbouprodukte, meubels, masjinerie en dienste soos verblyf en vervoer. ✓✓
- Die verhoogde produksie-aktiwiteite het gelei tot die ontstaan van ʼn nuwe klas entrepreneurs. ✓✓
- Mense in dorpe en stede het hoër inkomste gehad, hulle het dus meer gespaar en belê. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

3.2 **DATA RESPONS**

3.2.1 **Noem die maatstaf waarmee babasterftes gemeet word.**

Suigelingsterftesyfer/Sterftes per 1000 lewende geboortes ✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1)

3.2.2 **Wat is die huidige statistiek aangaande babasterftes in Suid-Afrika?**

24,3 per 1000 ✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *sterftesyfer.***

Die sterftesyfer/sterftekoers is ŉ maatstaf van die frekwensie van sterftes in ŉ gedefinieerde populasie gedurende ŉ bepaalde interval. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

3.2.4 **Volgens die grafiek, watter ontwikkeling het oor die afgelope 70 jaar plaasgevind?**

Die suigelingsterftesyfer het aansienlik afgeneem. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

3.2.5 **Hoe kan babasterftes in Suid-Afrika verlaag word?**

- Skep beter toegang tot verbeterde gesondheidsorg in landelike gebiede. ✓✓
- Leer ouers oor die gebruik van veilige drinkwater. ✓✓
- Verhoog die strewe teen tienerswangerskap. ✓✓
- Verbeter verspreiding van inentings deur klinieke in nie-stedelike gebiede. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer die instelling wat in die spotprent hierbo uitgebeeld word.**

Eskom ✓ (1)

3.3.2 **Noem die karakter in die spotprent.**

Hoof van Eskom **OF** Andre van der Ruyte ✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *beurtkrag*.**

Die onderbreking van ŉ elektrisiteitstoevoer om ŉ oormatige las op die opwekkingsaanlegte te vermy. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

3.3.4 **Waarom ervaar Suid-Afrika beurtkrag?**

- Swak beplanning met betrekking tot toekomstige energiebehoeftes. ✓✓
- Gebrek aan behoorlike instandhouding van huidige kragfasiliteite. ✓✓
- Gebrek aan behoorlike leierskap deur die bestuursraad. ✓✓
- Korrupsie en wanbestuur van fondse. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

3.3.5 **Hoe beïnvloed beurtkrag produsente negatief?**

- Minder goedere en dienste sal geproduseer word. ✓✓
- Beïnvloed die produsente se produktiewe doeltreffendheid. ✓✓
- Bemoeilik die ekonomiese groei van die land. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

3.4 **Onderskei tussen ʼn *positiewe* en *negatiewe bevolkingsgroeikoers*.**

**Positiewe bevolkingsgroeikoers**

Die aantal geboortes is groter as die aantal sterftes gedurende ʼn tydperk van bevolkingsgroei. ✓✓
Natuurlike groei in die bevolking vind plaas, dit beteken dat die bevolking groei sonder ʼn toestroming van immigrante. ✓✓
Ontwikkelende nasies is geneig om ʼn positiewe bevolkingsgroei te hê. ✓✓

**Negatiewe bevolkingsgroeikoers**

Die aantal sterftes is groter as die aantal geboortes tydens negatiewe bevolkingsgroei. ✓✓
ʼn Negatiewe bevolkingsgroei is geneig om in ontwikkelde populasies voor te kom. ✓✓
Hierdie populasies is geneig om mettertyd kleiner te word. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 4) (8)

3.5 **Hoe dra ʼn toename in die vraag na goedere en dienste by tot nywerheidsontwikkeling?**

- ʼn Toename in die vraag na goedere het gelei tot die behoefte aan meer koste-effektiewe produksiemetodes, wat gelei het tot die opkoms van meganisasie en die fabriekstelsel. ✓✓
- Goedere word op groot skaal in die fabrieke vervaardig. ✓✓
- Die fabriekstelsel word gekenmerk deur arbeidsverdeling. ✓✓
- Tegnologiese innovasies het gelei tot toenemende produktiwiteit terwyl dit minder menslike energie benodig. ✓✓
- ʼn Groter volume en verskeidenheid fabrieksgeproduseerde goedere is vervaardig wat die lewenstandaard van baie mense verhoog het. ✓✓

(Enige korrekte relevante antwoord.) (4 x 2) (8)

**[40]**

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWE**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 **Noem TWEE deelnemers aan ŉ oop ekonomie.**

- Huishoudings ✓
- Sakeondernemings ✓
- Regerings ✓
- Die buitelandse sektor ✓ (2 x 1) (2)

4.1.2 **Waarom is die bevolkingsgroeikoers belangrik vir regeringsbeplanning?**

- Om te kan beplan vir voldoende infrastruktuur soos skole, hospitale, behuising en paaie. ✓✓
- Om te kan beplan vir voldoende hulpbronne soos voedsel, water en elektrisiteit. ✓✓
- Om te kan beplan vir werksgeleenthede vir die nabye toekoms.✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

4.2 **DATA RESPONS**

4.2.1 **Noem die metode wat gebruik is om nasionale produksie te bereken hierbo.**

Produksiemetode/Toegevoegde waarde/BBP(P) ✓ (1)

4.2.2 **Watter sektor is die grootste bydraer tot die BBP?**

Tersiêr ✓ (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *bruto nasionale inkomste.***

Die bruto nasionale inkomste (BNI) is die totale vergoeding vir die produksiefaktore wat mense van Suid-Afrikaanse nasionaliteit gedurende ŉ spesifieke tydperk ontvang. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

4.2.4 **Bereken bruto toegevoegde waarde (BTW) soos voorgestel deur A.**

| **Ekonomiese Sektor** | **2021 (R Miljoene)** |
|---|---|
| Primêre sektor | 631 848 |
| + Sekondêre sektor | 1 037 270 |
| + Tersiêre sektor | 3 894 359 ✓ |
| **Totaal** | **5 563 477** ✓ |

(2)

4.2.5 **Watter eksterne faktore het bygedra tot die afname in bruto toegevoegde waarde (BTW) gedurende 2020?**

- ʼn Afname in totale vraag as gevolg van COVID-19-beperkings en inperkings. ✓✓
- Baie huishoudings het ʼn afname in inkomste gehad omdat hulle nie kon werk nie. ✓✓
- Besighede het hul bedryfsure verminder wat tot verlaagde produksievlakke gelei het. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Identifiseer die proses wat in die illustrasie hierbo uitgebeeld word.**

Migrasie of Verstedeliking ✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1)

4.3.2 **Waarom verkies die meeste mense om in stede te woon?**

Vir werksgeleenthede, ✓ onderwys ✓ of kulturele redes. ✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *verstedeliking.***

Verstedeliking verwys na die bevolkingsverskuiwing van landelike na stedelike gebiede. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

4.3.4 **Waarom is die groeiende koers van verstedeliking ʼn probleem vir plaaslike regering?**

Opeenhoping, besoedeling, misdaad en siektes is probleme wat met verstedeliking geassosieer word. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

4.3.5 **Watter maatreëls kan gebruik word om die tempo van verstedeliking te vertraag?**

- Bekamp armoede deur ekonomiese ontwikkeling in landelike gebiede te bevorder. ✓✓
- Skep privaat-openbare vennootskappe om werk te verskaf in landelike gebiede. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

4.4 **Onderskei tussen *ekonomiese groei* en *ekonomiese ontwikkeling.***

**Ekonomiese groei**

- Dit is die toename in die produksie van goedere en dienste van ŉ land binne ŉ gegewe tydperk. ✓✓
- Dit word gemeet deur reële BBP van een jaar met ŉ ander jaar te vergelyk. ✓✓
- Dit is gemoeid met goedere en dienste. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

**Ekonomiese ontwikkeling**

- Dit is die verbetering in die lewenstandaard van die hele bevolking. ✓✓
- Dit is gemoeid met mense en menslike ontwikkeling. ✓✓
- Dit handel oor kwessies soos onderwys, geletterdheid, gesondheidsorg, indiensneming en omgewingsvolhoubaarheid. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (4 x 2) (8)

4.5 **Hoe dra markte by tot die verbeterde funksionering van die ekonomie?**

- ŉ Mark is ŉ platform waar, kopers en verkopers ontmoet, oor pryse besluit word, en hoeveelhede gekoop of verkoop word bepaal is. ✓✓
- Produksiefaktore word op die faktormark verhandel. ✓✓
- Goedere en dienste word op die produkmark verhandel. ✓✓
- In- en uitvoer van goedere en dienste vind plaas in buitelandse markte plaas. ✓✓
- Markte fasiliteer handel; meer handel beteken meer produksie. ✓✓
- Meer produksie beteken meer indiensneming en ŉ hoër nasionale inkomste. ✓✓
- Markte is noodsaaklik vir die ontwikkeling van nywerhede en die ekonomiese groei van ŉ land. ✓✓
- Sonder markte sal verbruikers nie toegang tot goedere hê nie. ✓✓
- Produksiefaktore moet aan produsente beskikbaar gestel word en dit vind in ŉ mark plaas. ✓✓
- Die internasionale mark is belangrik sodat uitvoer van goedere plaasvind wat daartoe sal lei dat die land buitelandse valuta verdien. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br><br>• Die inleiding is ŉ laer-orde respons.<br>• ŉ Goeie begin is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer of te omskryf.<br>• Moenie enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE.<br>• Moenie enige deel van die inleiding by die liggaam insluit NIE.<br>• Vermy dit om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br><br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/ Verduidelik/Teken ŉ grafiek en verduidelik/Gebruik die grafiek gegee en verduidelik/Voltooi die grafiek gegee/Assesseer/Debatteer<br>**ŉ Maksimum van 8 punte kan aan opskrifte/voorbeelde toegeken word.** | Maks. 26 |
| **Bykomende gedeelte:** Gee eie opinie**/**Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Debatteer/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/ Debatteer kortliks/Hoe?/Stel voor<br>**ŉ Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.** | Maks. 10 |
| **Slot**<br><br>Enige hoër-orde slot behoort die volgende in te sluit:<br>• ŉ Kort samevatting van dit wat bespreek is, sonder die herhaling van enige feite wat reeds genoem is<br>• Enige opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Bykomende ondersteunende inligting wat die bespreking/ontleding versterk<br>• ŉ Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL:** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek, in detail, die uitwerking van sakesiklusse op die volgende:**
  - **Totale aanbod en totale vraag**
  - **Indiensneming**
  - **Wisselkoerse**
  - **Die ekonomies kwesbares** **(26 punte)**

- **Hoe beïnvloed eksterne faktore ekonomiese skommelinge?** **(10 punte)** **[40]**

**INLEIDING**

Sakesiklusse is die "op en af" in ekonomiese aktiwiteit, gedefinieer in terme van tydperke van uitbreiding of inkrimpings. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding.) **(Maks. 2)**

**LIGGAAM**

**HOOFDEEL**

**Totale aanbod en totale vraag**

- Totale Vraag (TV) is die totale besteding aan goedere en dienste deur huishoudings, besighede, die regering en die buitelandse sektor in die ekonomie. ✓✓
- Tydens die herstel neem die totale vraag toe en sal die sakesiklus ŉ hoogtepunt bereik. ✓✓
- Ná die piek van die sakesiklus sal die totale vraag begin afneem tydens die inkrimpingsfase en die sakesiklus sal sy laagste punt bereik. ✓✓
- Totale Aanbod (TA) is die totale hoeveelheid goedere en dienste wat teen elke prysvlak gelewer word. ✓✓
- Totale aanbod begin eers toeneem in die herstelfase nadat voorraad begin afplat het. ✓✓
- Totale aanbod sal begin afneem nadat die sakesiklus ŉ hoogtepunt bereik het wanneer voorraadvlakke in die ekonomie begin opbou, as gevolg van laer vraag. ✓✓

**Indiensneming**

- ŉ Resessie is ŉ beduidende en breë afname in ekonomiese uitset, wat gewoonlik langer as ŉ paar maande duur. ✓✓
- Met die aanvang van ŉ resessie, soos maatskappye die afname in vraag, dalende winste en verhoogde skuld hanteer, begin baie firmas werkers afdank om koste te besnoei. ✓✓
- Verhoogde werkloosheid veroorsaak vraag, en uitset daal ook verder. ✓✓
- Werklose werkers vind dit moeiliker om nuwe werk te kry, en die gemiddelde tydperk van werkloosheid neem toe. ✓✓
- Stygende werkloosheid is die sleutelaanwyser wat ŉ resessie definieer. ✓✓
- Werkloosheid is geneig om later ŉ hoogtepunt te bereik en hou vir lank na die herstel aan. ✓✓
- Dit is omdat die einde van die resessie die laagtepunt van die ekonomiese inkrimping en die begin van ŉ oplewing aandui eerder as die einde daarvan. ✓✓

**Wisselkoerse**

- In die vroeë stadiums van ŉ afswaai in die ekonomie is daar ŉ dalende vraag na ingevoerde goedere en dienste in buitelandse markte. ✓✓
- ŉ Afname in uitvoere as gevolg van ŉ laer buitelandse vraag na plaaslike goedere, lei tot ŉ laer vraag na die plaaslike geldeenheid. ✓✓
- Dit veroorsaak ŉ depresiasie of ŉ verswakking van die land se geldeenheid. ✓✓
- Wanneer daar ŉ opswaai in buitelandse markte is, sal daar ŉ groter vraag na ingevoerde goedere wees. ✓✓
- Dit sal lei tot meer uitvoere vir binnelandse besighede en ŉ toename in vraag na die plaaslike geldeenheid. ✓✓
- Die verhoogde vraag lei tot ŉ herwaardering of versterking van die geldeenheid. ✓✓

**Die ekonomies kwesbares**

- Die uitwerking van op- en afswaai fases op die ekonomies kwesbares is geweldig. ✓✓
- Enige afswaai sal ekonomies kwesbare mense beroof van hul vermoe om in hul basiese behoeftes te voorsien. ✓✓
- ŉ Afswaai in die ekonomie sal daartoe lei dat besighede hul produksie afskaal en hul besighede kan sluit.
- Dit sal tot grootskaalse werkloosheid lei, wat by die minder geskoolde arbeiders begin.

**(Maks. 26)**

**BYKOMENDE DEEL**

- Eksogene faktore is faktore wat van buite die ekonomiese stelsel ontstaan en as snellermeganismes vir sametrekkings en uitbreiding optree, ✓✓
- Bv.: Weer (natuurrampe) toestande, vloede, veranderinge in weerstoestande, ens., beïnvloed landbouproduksie en dit het ŉ groot invloed op die ekonomie. ✓
- Suid-Afrika, as ŉ ontwikkelende land, is afhanklik van landbou en enige veranderinge in weerstoestande sal ŉ nadelige impak op die BBP hê, bv. die vloede wat in April 2022 in KwaZulu-Natal ervaar is. ✓✓
- Boonop het die Coronavirus-siekte (COVID-19) die ekonomiese aktiwiteit in Suid-Afrika negatief beïnvloed. Baie maatskappye het gesluit en dit het groot werkloosheid veroorsaak. ✓✓
- Politieke skokke en tegnologieskokke veroorsaak veranderinge in produktiwiteit wat sakesiklusse veroorsaak. Wanneer ŉ politieke party verkies word, voer hulle aanvanklik ŉ beperkendebeleid uit om inflasie te verminder, gevolg deur uitbreidendebeleid om kiesers te beïndruk met lae inflasie en lae werkloosheidsyfers. ✓✓
- Strukturele veranderinge veroorsaak dat ekonomiese hulpbronne in een sektor verouderd raak en na ŉ ander sektor beweeg. Byvoorbeeld, wanneer ŉ land van ŉ hoofsaaklik primêre-sektor-uitset na ŉ hoofsaaklik sekondêre-tersiêre sektor-uitset verander. ✓✓
- Geldvoorraad verwys na die regering wat die geldvoorraad óf verhoog óf verlaag wat die ewewig in die markte verander. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) het byvoorbeeld, die geldvoorraad tydens die Coronavirus-siekte (COVID-19) pandemie verhoog om die ekonomie te stabiliseer. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) **(Maks. 10)**

**Samevatting**

Skommelinge in ekonomiese aktiwiteite behoort so bestuur te word dat hulle die ekonomie positief beïnvloed. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante gevolgtrekking.) **(Maks. 2)** **[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek, in detail, die Suid-Afrikaanse bevolkingsgrootte. (26 punte)**
- **Watter impak het die verspreiding van COVID-19 op die arbeidsmag van ŉ land? (10 punte)**

**INLEIDING**

Statistiek Suid-Afrika (Stats SA) skat die bevolking op 60,14 miljoen mense. ✓✓
(Enige ander relevante inleiding.) **(Maks. 2)**

**LIGGAAM**

**HOOFDEEL**

**Bevolkingsgroei** ✓

- Bevolkingsgroei word beïnvloed deur geboortes, sterfte en migrasie. ✓✓
- Bevolkingsgroei kan uitgedruk word as die natuurlike groei en die totale groei. ✓✓
- Natuurlike groei is die verskil tussen die geboortesyfer en sterftesyfer van ŉ bevolking. Dit verteenwoordig die geboortes en sterftes in ŉ land se bevolking.
- Die algehele groeikoers neem migrasie in ag. ✓✓
- Dit is die jaarlikse verandering in ŉ bevolking as gevolg van natuurlike groei (of afname) en die balans van migrante wat die land binnekom en verlaat. ✓✓
- Vrugbaarheid is gewoonlik hoër in landelike gebiede, waar vroue ŉ laer status het en waar kinders nodig is om te werk. ✓✓
- Hoë geboortesyfers word geassosieer met armoede en beperkte toegang tot onderwys. ✓✓
- Deur lewensomstandighede van mense te verbeter deur beter onderwys, gesondheidsorg en inkomste, kan die geboortesyfer verlaag word. ✓✓
- Doeltreffende gesinsbeplanning en geboortebeperkingsprogramme kan ook geboortesyfers verlaag. ✓✓
- Die huidige bevolkingsgroei is te hoog en plaas druk op die verskaffing van maatskaplike dienste en infrastruktuur. ✓✓
- Suid-Afrika se 2010 middeljaarbevolkingsskatting was 49,99 miljoen mense, wat ŉ toename was op die vorige jaar se bygewerkte skatting van 49,46 miljoen. ✓✓
- Vir 2021 het Statistiek Suid-Afrika (Stats SA) die middeljaarbevolking op 60,14 miljoen mense geskat. ✓✓
- ŉ Toename in bevolkingsgroei bring ŉ behoefte aan meer voedsel, infrastruktuur en dienste mee. ✓✓

**Natuurlike groeikoers** ✓

- Die nasionale groeikoers van ŉ land kan positief of negatief wees. ✓✓
- Dit word gewoonlik uitgedruk as tussen ongeveer 0,1% en 3% per jaar. ✓✓
- Natuurlike groeikoers verteenwoordig die geboortes en sterftes in ŉ land se bevolking en neem nie migrasie in ag nie. ✓✓

- Die gemiddelde groeikoers neem migrasie in ag. ✓✓
- Die bevolking van Suid-Afrika het toegeneem van 22 miljoen in 1970 tot byna 50 miljoen in 2010. Dit sluit immigrasie in. ✓✓
- Hierdie vinnige groeikoers van 2,3% is een van die hoogste groeikoerse ter wêreld. ✓✓
- In die tydperk 1960 tot 1970 was die gemiddelde groeikoers selfs hoër (2,8%). ✓✓
- Sedertdien het dit begin afneem. Dit is geskat op 1,36% in 2010. ✓✓

**Die demografiese siklus** ✓

- Deur ʼn wetenskaplike ontleding van die geskiedenis van bevolkingsgroei te doen, is ʼn siklus geïdentifiseer wat veranderinge in die natuurlike bevolkingsgroei van ʼn land oor ʼn tydperk toon. ✓✓
- ʼn Bevolkingspiramide, wat ook ʼn ouderdomstruktuurdiagram is, is ʼn grafiese illustrasie wat die verspreiding van verskeie ouderdomsgroepe in ʼn bevolking toon, wat gewoonlik ʼn piramidevorm is. ✓✓
- Mans word gewoonlik aan die linkerkant vertoon, en vroue aan die regterkant. ✓✓
- <u>Eerste fase (stadige groeiende fase):</u> ✓
  - Hoë geboortesyfers en hoë sterftesyfers. ✓✓
  - Aangesien beide syfers hoog is, groei die bevolking stadig. ✓✓
- <u>Tweede fase (premoderne fase)</u>: ✓
  - ʼn Skerp afname in sterftesyfers as gevolg van verbeterde gesondheidsdienste, water en sanitêre infrastruktuur terwyl die geboortesyfer hoog bly. ✓✓
  - Dit lei tot ʼn toename in bevolkingsgroei. ✓✓
- <u>Derde fase (moderne fase, stagnant)</u>: ✓
  - ʼn Skerp verhoging in die lewenstandaard beïnvloed die gesinslewe. ✓✓
  - Geboortebeperking lei tot ʼn afname in die geboortesyfer. ✓✓
  - Die afname in sterftesyfer duur voort. ✓✓
  - Die natuurlike groeitempo neem af. ✓✓
- <u>Vierde stadium (krimp):</u> ✓
  - Die geboortesyfer val onder die vervangingsvlak, die sterftesyfer bly laag – geassosieer met hoë lewensverwagting, klein gesinne en ʼn verouderende bevolking. ✓✓

**Geprojekteerde groeikoerse** ✓

- Projeksies word gemaak om die grootte van die bevolking op sekere tye in die toekoms te meet. ✓✓
- Dit stel die regering in staat om te beplan watter hulpbronne inwoners sal benodig in terme van infrastruktuur, onderwys en gesondheidsprojekte. ✓✓
- Die onbekende faktore maak sulke projeksies riskant. ✓✓
- In Suid-Afrika die voorkoms van MIV/Vigs en migrasie is onbekende faktore wat projeksies kan beïnvloed. ✓✓
- Bevolkingsprojeksies is gebaseer op aannames en scenario's. ✓✓
- Projeksies word dikwels gemaak om die effek van die geprojekteerde bevolking op die samestelling van die arbeidsmag en op die grootte van die toekomstige skoolgaande bevolking te bepaal. ✓✓

- Dit word gedoen om beplanning te help om in die behoeftes van behuising, onderwys (skoolgeboue, onderwysersopleiding) en gesondheidsdienste te voorsien, of om die kwessie van die hantering van Vigswesies as gevolg van die MIV/Vigs-pandemie aan te spreek. ✓✓
- Huidige bevolkingsprojeksies vir Suid-Afrika dui op ’n afname as gevolg van MIV/Vigs. ✓✓
- Die verlies van ekonomies aktiewe familielede lei tot ’n verlies aan inkomste en sosiale probleme. ✓✓
- Die dalende koers van die nasionale bevolkingsgroei in die 21ste eeu sal voortduur. ✓✓
- Die belangrikste bydraers tot hierdie tendens is die afname in geboortesyfers en toenemende sterftes as gevolg van die verspreiding van MIV/Vigs. ✓✓
- Bemagtiging van vroue het die aanwaskoers verlaag. ✓✓
- Die laer geboortesyfers is deels te wyte aan sosiale en ekonomiese tendense soos ekonomiese groei in Suid-Afrika, verstedeliking, bemagtiging van vroue in onderwys en gesinsbeplanning, en toegang tot werk. ✓✓
- Sterftesyfers het ook tot die middel-1990's afgeneem as gevolg van verbeterings in dieet- en gesondheidsbewustheid en beter toegang tot gesondheidsorg en skoon water. ✓✓
- Soos baie ander ontwikkelende lande, beweeg Suid-Afrika deur ’n demografiese oorgang met ’n dalende sterftesyfer en dalende geboortesyfer en gevolglik ’n dalende natuurlike bevolkingsgroei. ✓✓
- Twee dekades gelede is daar algemeen geglo dat die bevolking stadig sou groei tot die nuwe millennium, maar teen ’n dalende tempo.
- Hierdie vooruitskattings moes weens MIV/Vigs heroorweeg word. ✓✓

**Migrasie** ✓

- Verstedeliking is die proses waardeur die aantal mense wat in stede woon relatief tot dié in landelike gebiede toeneem. ✓✓
- Verstedeliking is deel van die ekonomiese ontwikkeling van ’n land. ✓✓
- Dit kom voor wanneer mense van landelike gebiede na stedelike gebiede beweeg op soek na beter werksgeleenthede. ✓✓
- Verstedeliking is wydverspreid sedert 1994. ✓✓
- Grootskaalse migrasie het druk op munisipaliteite geplaas om dienste teen ’n toenemende tempo te verskaf. ✓✓
- Groot informele nedersettings het aan die buitewyke van Suid-Afrikaanse stede en dorpe ontwikkel. ✓✓
- Sirkulêre migrasie verteenwoordig ’n groot deel van die beweging onder die swart bevolking. ✓✓ **(Maks. 26)**

**BYKOMENDE DEEL**

Die impak van COVID-19 op die arbeidsmag van die land:

- Werkplekke het gesluit, miljoene werkers het ŉ gedeelte van of hul hele inkomste verloor. ✓✓
- Selfs onder diegene wat nog gewerk het, moes baie korter werksure en loonverlagings in verskillende industrieë aanvaar ✓✓ soos lugrederye, kleinhandel en verblyf, voedseldienste, tekstiele en staatsektore. ✓
- Verskeie lande het ook loonverlagings in die openbare sektor geïmplementeer. ✓✓
- Dit het ook groot werkverliese in die ekonomie tot gevolg gehad. ✓✓
- Laagbetaalde en dikwels laaggeskoolde werkers is veral geraak tydens die aanvanklike fase van die krisis. ✓✓
- Baie van die sogenaamde frontlinie-werkers wat hul gesondheid in gevaar stel, het hulself aan die virus blootgestel om die voortsetting van noodsaaklike dienste tydens inperking te verseker.
- Werk in baie sektore is gekenmerk deur lae lone. ✓✓
- Dit sluit gesondheidsorgwerkers, kassiere, produksie- en voedselverwerkingswerkers, landbouwerkers, afleweringswerkers en vragmotorbestuurders in. ✓✓
- Die impak van die krisis was ernstig vir werkers in die informele ekonomie vir wie tuisbly beteken dat hulle hul werk en hul lewensbestaan verloor het. ✓✓
- Die impak van die pandemie het gelei tot ŉ ernstige inkrimping in ekonomiese aktiwiteit aangesien baie mense nie kon werk toe gaan nie en besighede nie meer kon nie bedryf. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) **(Maks. 10)**

**SLOT**

Die COVID-19-pandemie het die kern verander van hoe ons in die samelewing omgaan en wat ons eens as normaal geken het. Soos nuwe data mettertyd beskikbaar word, sal ons ŉ beter gevoel hê van die volle impak van die pandemie op die arbeidsmag en die Suid-Afrikaanse bevolking. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) **(Maks. 2)** **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**